



Laerskool Mikro

Nasionale Inperkingstyd

Afrikaans Beplanning Graad 4

Week 7: 1 Junie 2020 – 5 Junie 2020

| DAG | HULPBRONNE | AKTIWITEIT |
|---------------------------|--|---|
| Maandag 1 Junie 2020 | <ul style="list-style-type: none"> ➤ Handboek ➤ Lyntjiesboek ➤ Deelwoorde werkvel ➤ Powerpoint | <p>Kyk na die Powerpoint oor Deelwoorde. Lees nou die kort stukkie oor deelwoorde op p.77 in jou handboek.</p> <p><small>'n Deelwoord is 'n nuwe woord wat van 'n werkwoord afgelei of gevorm is. 'n Deelwoord eindig op -de of -te.</small></p> <p>Voorbeelde praat → pratende tik → getikte</p> <p>Skryf onderaan waar jy laas gewerk het: Deelwoorde 1 Junie 2020 P.77</p> <hr/> <p>Plak die werkvel oor deelwoorde in en voltooi dit <u>skriftelik</u></p> |
| Dinsdag 2 Junie 2020 | <ul style="list-style-type: none"> ➤ Handboek ➤ Lyntjiesboek ➤ Direkte rede werkvel ➤ Powerpoint <p style="text-align: center; color: red;">KYK ASB OP DIE MEMO HOE DIE WERK GEDOEN MOET WORD</p> | <p>Kyk na die Powerpoint oor Direkte en Indirekte rede. <u>Lees</u> nou die pers blok oor Direkte en indirekte rede op p.78 in jou handboek. Plak die werkvel op 'n nuwe blad in en voltooi <u>skriftelik</u>. Raadpleeg jou memorandum indien jy sukkel.</p> |
| Woensdag 3 Junie 2020 | <ul style="list-style-type: none"> ➤ Spelling en sigwoorde Groep 12 in Algemene Lêer ➤ Lyntjiesboek ➤ Powerpoint ➤ Dagboekinskrywing werkvel | <p>Skryf Speltoets groep 12 in jou Algemene Boek. Kyk na die Powerpoint oor 'n Dagboekinskrywing. <u>Skryf</u> nou jou eie dagboekinskrywing wat oor 2 dae val. Skryf oor iets <i>positief</i> en <i>negatief</i> wat op 'n spesifieke dag met jou gebeur het. Doen dit eers rofweg en laat iemand dit vir jou deurlees vir spelfoute. Daarna kan jy dit netjies op die <u>werkvel</u> oorskryf en dit in jou lyntjiesboek plak.</p> |
| Donderdag 4 Junie 2020 | <ul style="list-style-type: none"> ➤ Handboek ➤ Lyntjiesboek ➤ Deurlopend memo ➤ Powerpoint | <p>Doen die Deurlopende Assessering vraag 1, 2 en 4 op p.80 <u>skriftelik</u> in jou lyntjiesboek. Skryf onderaan waar jy laas gewerk het: Deurlopende assessering 4 Junie 2020 P.80 nr.1, 2 en 4</p> <hr/> <p>Onthou om 'n <u>lyn</u> te trek na elke nommer. <u>Plak</u> die memo van die Deurlopende assessering onderaan jou werk as jy klaar is.</p> |
| Vrydag 5 Junie 2020 | <ul style="list-style-type: none"> ➤ Handboek ➤ Lyntjiesboek ➤ Powerpoint ➤ Idiome plakstuk | <p>Kyk na p.81 se <u>voorblad</u> van die nuwe tema Sop. Lees die <u>vrae</u> onderaan en dink na oor die antwoorde. Gaan nou deur die idiome op p.82 en vra vir iemand as jy nie verstaan wat dit beteken nie. Plak die <u>idiome-blad</u> in jou lyntjiesboek. Skryf eers bo-aan: Tema 9: Idiome 5 Junie 2020 P.82</p> <hr/> <p>Plak nou die idiome.</p> <p>Lees nou die <u>resep</u> "Carlien se biltong-en-bloukaassop" op p.84 deeglik deur. Doen <u>vrae</u> 1-10 op p.85 <u>mondelings</u> saam met 'n volwassene.</p> |